

Inhoudsopgawe

Voorwoord	7
 Deel 1 – 'n Dominante dryfveer	
Hoofstuk 1 – Niemand wil verkeerd wees nie	11
Hoofstuk 2 – Hoe ons onself sien	19
Hoofstuk 3 – Hoe ons ander mense sien	27
Hoofstuk 4 – Hoe ons God sien	37
 Deel 2 – Reaksie op teenstrydighede	
Hoofstuk 5 – Die ervaring van dissonansie	49
Hoofstuk 6 – Misleide selfregverdiging	57
Hoofstuk 7 – Dogmatiese ontkenning	67
 Deel 3 – Bemeestering van ons natuurlike neigings	
Hoofstuk 8 – Versterking van ons selfbeeld	81
Hoofstuk 9 – Vermy vuil baklei	93
Hoofstuk 10 – Suksesvolle konflikhantering	107
Hoofstuk 11 – Afstand doen van ons regte	119
Hoofstuk 12 – Die sleutel tot geestelike groei	135

Voorwoord

Thanksgiving, die een vakansie wanneer families in die VSA moeite doen om bymekaar te wees, is veronderstel om 'n tyd te wees wanneer families dankie sê vir alles wat goed is, 'n tyd om saam met geliefdes deur te bring. Maar in plaas daarvan, met die Trump-era se politieke kloof wat so groot is, is daar talle verhale van familieledede wat hierdie jaar nié genooi word vir Thanksgiving nie bloot op grond van wie vir watter kandidaat vir die presidentskap gestem het.

Die tyd is presies reg vir my pa se boek, want ons leef vandag in 'n wêreld wat daarop aandring om gehoor te word, waar almal voel hulle perspektief is die enigste regte opsie. Ek dink ons kan almal sien waarop ons afstuur as ons almal ons *behoefte om reg te wees* voed. Dit lyk of ons meer verdeeld is as ooit tevore, meer vol haat as ooit tevore, asof ons meer alleen is as ooit tevore omdat ons net nie kan insien dat ander mense óók reg kan wees oor iets nie.

As professionele berader het ek ook al gesien hoeveel hartseer en pyn hierdie *behoefte om reg te wees* in verhoudings veroorsaak. Ek het gesien hoe paartjies mekaar vernietig om te bewys dat hulle reg is (en my dan sover te probeer kry om skeidsregter te speel), terwyl hulle verhouding en eenheid daaronder ly. Een paartjie kon nie verby 'n situasie in hul verhouding kom waar hulle nie kon saamstem oor wat die regte manier is om 'n eenvoudige loodgietersprobleem op te los nie – en die ergste is, beide van hulle se oplossing kon genoeg gewees het om die probleem reg te stel.

Vir individue is een van die sleutelstrategieë in berading om daardie dinge te identifiseer wat hulle glo reg is oor hulleself, maar wat eintlik nie reg is nie. Waar daar sulke onwaarhede is, is daar ook skadelike gedrag en destruktiewe verhoudingstyle. Dit klink dalk eenvoudig, maar dit is moeilik om hierdie onwaarhede te herken, en dit verg doelbewuste en gefokusde werk om verandering te bring in hierdie areas.

My pa se boek doen baie om 'n mens te help verstaan wat agter *die behoefte om reg te wees* lê. Hy wys dat dit in verskeie vlakke van ons verstaan van die wêreld opduik. Dan gee hy 'n deurdagte, nuttige manier om hierdie noemenswaardige probleem reg te stel.

Ek daag jou uit om hierdie boek met 'n oop gemoed te lees. Wees bereid om te ontdek dat jy verkeerd was; wees bereid om die moontlikheid van verandering en herstelde verhoudings en hart in jou wêreld te ontdek.

*Colette White, MS, Gelisensieerde professionele raadgewer
Pittsburgh, Pennsilvanië*

Deel 1

'n Dominante dryfveer

Niemand wil verkeerd wees nie

'n Basiese menslike behoefte

Dit het begin in die Tuin van Eden. God het aan Adam en Eva alles gegee wat hulle harte maar kon begeer. Die enigste beperking was dat hulle nie toegelaat is om te eet van die Boom van alle kennis nie. Dit het daarop neergekom dat die Here wou gehad het hulle moes die besluit oor wat reg en wat verkeerd is aan Hom oorlaat. Maar hulle het daarteen geskop. Hulle wou daardie besluit self neem – en die gevolge was ramspoedig. Toe die Here egter vir Adam met sy sonde gekonfronteer het, het hy ontken dat hy verkeerd was. Hy het Eva blameer (en so onderlangs die Here die skuld gegee dat Hy Eva aan Adam gegee het). Eva het ook ontken dat sy verkeerd was. Sy het die skuld op die slang gepak.

Sedert daardie dag is elke mens gebore nie alleen met 'n inherente begeerte om vir hulleself te besluit wat reg en verkeerd is nie, maar om vir die res van hul lewens daardie besluite te regverdig. Die behoefte om reg te wees, is een van die sterkste dryfvere in ons menslike aard. Dit is die bepalende faktor in ons verhouding met ander mense.

Waarom is die behoefte om reg te wees so 'n sterk dryfveer?

Eerstens is dit deel van ons menslike natuur. Tweedens gee dit vir ons 'n gevoel van behaaglikheid; dit verskaf emosionele sekuriteit. Nog 'n rede kan wees dat ons samelewing eis dat ons altyd reg moet wees. Ons leef in 'n mededingende wêreld waar wenners hoog aangeskryf word. Op skool, byvoorbeeld, word kinders beloon om die regte antwoorde op te lewer, nie om met die regte vrae vorendag te kom nie, alhoewel dit die sleutel tot kreatiwiteit is. Die gevolg? Niemand wil verkeerd wees nie.

Die behoefte om reg te wees oor onself

Ons het die behoefte om reg te wees ten opsigte van ons *karakter*. Die meeste van ons glo dat ons ordentlike en eerbare mense is en ons sal voortdurend maniere vind om dit aan onself en aan ander te bewys. In gister se koerant, byvoorbeeld, was daar 'n artikel oor 'n Senegalese voetbalspeler wat al by verskeie geleenthede deur sy eie klub beboet is vir sy aggressiewe optrede, onder andere dat hy op opponente spoeg en hulle vloek, en wedstrydbeamptes uiters aggressief konfronteer. Nie die soort mens wat jy aan jou kinders as 'n voorbeeld sal voorhou nie – en tog het hy aan die pers in sy tuisland verklaar: “Ek is nie 'n slegte mens nie. Ek het karakter en ek wil hê mense moet my respekteer.” Hy sal voortgaan om dit van homself te glo ongeag die feit dat sy gedrag oor en oor die teenoorgestelde bewys.

Jare gelede het ek 'n getroude vrou berading gegee wat seksueel by haar baas betrokke geraak het. Alhoewel sy die verhouding beëindig het, het sy aanhou sê dat sy nie kon glo dat sy egbreuk gepleeg het nie, want “dis nie ek daai nie; ek is nie 'n ontroue huweliksmaat nie”. Sy het voortgegaan om my te verseker dat die verhouding nie haar skuld was nie. Sy kon dit nie help dat sy op die man verlief geraak het nie. Met ander woorde, sy het haarself (en my) bly vertel dat sy nie 'n slegte persoon was nie; sy was maar net die slagoffer van omstandighede buite haar beheer.

Ons het ook 'n behoefte om reg te wees ten opsigte van ons *optrede*. Ons glo almal dat wat ons gedoen en gesê het reg was. Wanneer laas het jy gehoor van 'n politikus wat erken het dat hy verkeerd was? Jy sal hard moet soek vir so 'n insident. Ons moet egter verstaan dat politici nie doelbewus leuens vertel nie – hulle glo werklikwaar dat hulle optrede altyd reg is. In 2004 het 'n verslaggewer, byvoorbeeld, vir die president van Amerika gevra om 'n besluit te beskryf waaroor hy spyt was of om te vertel van 'n insident waar hy 'n fout gemaak het. George W. Bush was totaal verbysterd en hy kon aan niks dink nie. So ver dit hom aangaan, het hy nog altyd die regte ding gedoen.

Dink 'n bietjie hieroor: Daar bestaan geen doelbewuste skynheiliges nie. Wat is 'n skynheilige? Iemand wie se gedrag nie strook met wat hy sê hy glo nie. Byvoorbeeld, die meeste van ons glo dat as goeie landsburgers ons die wette van die land moet nakom, maar tog sal ons maklik kan regverdig waarom dit nodig was om ons selfoon te beantwoord terwyl ons bestuur het. Ander mense kan die skynheiligheid sien, maar ons is blind daarvoor, want ons glo opreg dat ons optrede volkome geregverdig was. Jesus het byvoorbeeld by verskeie geleenthede die Fariseërs van skynheiligheid beskuldig, maar hulle was werklik oortuig dat hulle gedrag God behaag het – soos ons kan aflei uit die gebed van die Fariseër waar hy die Here gedank het dat hy nie 'n sondaar soos ander mense was nie.

Die sterkste bewys dat ons almal glo ons is reg ten opsigte van ons karakter en optrede, is die feit dat ons selde van gedrag verander. As ons geglo het dat ons verkeerd was, sou ons ons gedrag gewysig het – maar ons doen dit baie selde.

Die behoefte om reg te wees oor ander mense

Ons glo almal dat “ons mense ken” en dat ons ander mense se karakter baie akkuraat kan beoordeel. Dit is hoekom ons geneig is om positiewe dinge te glo van mense van wie ons hou,

en ons is gou om enige negatiewe optrede aan hulle kant te verskoon as 'n "uitsondering". So elke nou en dan lees ons byvoorbeeld van 'n misdadiger wat skuldig bevind is aan die ergste gruweldade, maar dan sal familieledede so 'n persoon beskryf as "iemand met 'n goeie hart". Hoekom sal hulle dit sê van iemand wat sulke verskriklike misdade gepleeg het? Daardie familieledede moet hulleself oortuig dat hulle reg was omtrent die persoon selfs in die lig van die vreeslike dinge wat hy aangevang het.

Ons ken 'n weduwee wie se volwasse seun 'n absolute gemors van sy lewe gemaak het. Hy het sy werk en sy huwelik verloor weens sy verslawing aan dwelmmiddels. Hy hou aan om sy ma te manipuleer om gereeld vir hom geld te stuur "omdat hy nou die dwelms gelos het en net 'n bietjie kontant nodig het om weer op sy voete te kom". Sy val elke keer daarvoor, met die gevolg dat die meeste van haar karige inkomste na hom toe gaan. Die res van die gesin het vir haar gesê dat sy maar net besig is om vir sy verslawing te betaal, maar sy wil dit nie hoor nie. Sy weier om na enige negatiewe opmerkings oor haar seun te luister.

Hoe kan 'n korrupte staatspresident 'n mosie van wantroue in die parlement oorleef en aanhou om vir so 'n lang tyd aan bewind te bly? Want die lede van sy politieke party het hulself oorreed dat wat hy gedoen het geregverdig was. In hulle oë kan hy niks verkeerds doen nie (ten spyte van al die inligting wat die teenoorgestelde bewys), want as hulle erken dat hy verkeerd was, sou dit 'n bekentenis wees dat *hulle* verkeerd was om hom as leier aan te hou.

Net so is ons geneig om negatiewe dinge te glo van mense van wie ons nie hou nie. Ons vind dat ons uiters krities is ten opsigte van wat hulle sê en doen, om geen ander rede nie as om vir onself te bevestig dat ons reg was met ons beoordeling van hulle karakter. En wanneer hulle wel iets goeds doen, is ons geneig om dit af te maak as 'n "uitsondering" of om dit

toe te skryf aan verkeerde motiewe, byvoorbeeld, “hy het dit maar net gedoen om ’n goeie indruk te maak”. Die Joodse leiers, byvoorbeeld, het hulleself oortuig dat Jesus ’n slegte mens was. Toe hulle dus gesien het hoe Hy mense genees en duiwels uitdrywe, het hulle hulself (en ander) vertel: “Dit is die baasduiwel (Beëlsebul) wat Hom help om duiwels uit mense uit te dryf.” Om te erken dat hulle opinie van Jesus verkeerd was, sou ’n te groot vernedering vir hulle gewees het.

Ons predikant het eendag besoek afgelê by ’n dame in ’n huis vir bejaardes. Sy het by hom gekla oor hoe eensaam sy was en dat die mense in die ouetehuis nie baie vriendelik was nie. ’n Week of twee later lê hy besoek af by ’n ander lidmaat in dieselfde ouetehuis wat presies dieselfde klagte gehad het. Bingo! Hy sou die twee eensame mense aan mekaar voorstel. Raai wat? Nie een van die twee was bereid om by die ander een te gaan kuier nie. As hulle bevriend geraak het, sou hulle nie meer kon sê dat die mense in die ouetehuis onvriendelik was nie – en die behoefte om reg te wees was sterker as die behoefte om ’n vriendin te vind.

Wanneer dit by sportwedstryde kom, is die opinie wat ons van ons teenstander het dikwels die deurslaggewende faktor wat bepaal of ons wen of verloor. In 1991 het Elna Reinach ’n wedstryd op Wimbledon teen Martina Navratilova gespeel. Elna het die eerste stel gewen. Martina het die tweede stel gewen. In die derde stel het Elna twee breekpunte gehad; as sy Martina se afslaan kon breek, sou sy met haar eie afslaanpot die wedstryd kon wen. Maar onverklaarbaar het haar spel gedisintegreer. Ek kan maar net aflei dat sy skielik besef het dat sy op die punt staan om vir Martina Navratilova te klop, en almal “weet” dit kan nie gedoen word nie. Elna het die wedstryd verloor. Dit kan ook wees dat Martina skielik besef het dat sy moontlik gaan verloor en almal “weet” dat sy die kampioen is – en sy het haar spel dramaties verbeter. Wie sal ooit weet?

Die opinie wat ons van ander mense huldig, is nie beperk tot individue nie. Ons het menings oor spesifieke groepe, gemeenskappe, rasse, godsdienstige groepe, nasionaliteite, ensovoorts, en ons is baie vinnig om te fokus op enige gedrag van hulle kant wat ons menings bevestig. As 'n ouer, byvoorbeeld, glo dat vandag se kinders lui en oneerbiedig is, sal hy baie vinnig wees om enige wangedrag van 'n kind uit te wys (en watter kind wangedra hom nie van tyd tot tyd nie?), maar terselfdertyd al hulle goeie gedrag oor die hoof sien. Hy moet bevestiging kry dat sy opinie oor die jeug van vandag korrek is.

As 'n bestuurder glo dat "personeel deesdae nie meer vertrou kan word nie", sal hy nie alleen allerhande kontrolemaatstawe in werking stel om hulle uit te vang dat hulle iets verkeerd doen nie, maar hy sal ook gereeld sy vriende en kollegas vertel hoe sleg sy mense is. So ver dit hom aangaan, is 'n personeellid wat goeie werk doen maar net besig om witvoetjie by die baas te soek. So 'n bestuurder sal alle personeelgedrag vanuit daardie oogpunt sien. As 'n ondergeskikte byvoorbeeld lank neem om 'n taak uit te voer, sal dit aan die baas bevestig dat die personeellid stadig is. Aan die ander kant, as die baas lank neem om 'n taak te voltooi is hy maar net deeglik (ten minste in sy eie oë).

Die hartseerste is dat ons geneig is om al die lede van 'n bepaalde groep oor dieselfde kam te skeer. Hoe dikwels het ons nie al gehoor van 'n persoon wat sê dat hy nie belangstel om kerk toe te gaan nie "want die kerk is vol skynheiliges"? Hy sal dan voorbeelde aanhaal van kerklede wie se integriteit heelwat te wense oorlaat. Wat so 'n persoon jou nie van sal vertel nie is al die kerkgangers wat hy ken wat wel 'n goddelike leefwyse handhaaf. Hy moet hulle ignoreer anders sal hy moet erken dat hy verkeerd was.

Waarom vind daar soveel insidente van rassediskriminasie in ons gemeenskap plaas? Miskien huldig ons negatiewe menings van ander rasse en onderbewustelik soek ons bevestiging

dat ons reg is. Wit mense, byvoorbeeld, beskou swart mense dikwels as “onbekwaam”, en wanneer ’n swart personeellid soms nie dadelik verstaan wat die wit persoon wil hê nie (weens ’n moontlike kommunikasieprobleem), bevestig dit maar net aan die wit mens dat swart mense onbekwaam is. Wanneer ’n wit persoon ’n swart persoon se gedrag tereg kritiseer, word dit dadelik beskou as “diskriminasie teen swart mense” en dit bevestig aan die swart persoon dat alle wit mense “net rassiste” is. As ons eenmaal tot so ’n gevolgtrekking gekom het, sal ons enige inligting ignoreer wat kan aandui dat ons verkeerd is.

Waarom koester ons soveel agterdog teenoor sekere godsdiensstigte groepe, of dit nou Moslems is of Charismatiese Christene? Dis omdat ons sekere dinge van daardie groepe glo en ons sal dadelik fokus op enige inligting wat daardie opinies versterk. Byvoorbeeld, enige geweld wat deur Moslem-ekstremiste gepleeg word, bevestig dadelik ons oortuiging dat die Moslems die wêreld wil oorneem, en geriefshalwe ignoreer ons die miljoene vredeliewende Moslems wat in ons gemeenskap woon.

Sommige mense glo dat alle Christene uiters veroordelend is. In 2017, byvoorbeeld, het ’n verwoestende brand honderde huise in Knysna en distrik tot ’n puinhoop verander. Toe een individu met die verwronge idee vorendag gekom het dat dit God se oordeel was op die homoseksuele gemeenskap, het dit onmiddellik aan talle mense bevestig dat alle Christene bekrompe idiote is, en hulle ignoreer geriefshalwe die miljoene godvresende gelowiges wat ander mense se leefstyl nie veroordeel nie.

Die behoefte om reg te wees oor God

Elke mens huldig ’n mening oor God en hoe hulle dink Hy is. Dit sluit die ateïs in wat van mening is dat God nie bestaan nie. Sonder dat ons dit besef, sal ons onderbewustelik bevestiging

soek dat ons menings korrek is. 'n Bekende ateïs het byvoorbeeld in 'n koerantartikel onder andere beweer as God bestaan het, en as Hy goed en almagtig was, sou Hy die Knysna-brande voorkom het. Aangesien dit nie gebeur het nie, het die ateïs eenvoudig bevestiging gekry dat God nie bestaan nie.

Aan die ander kant was daar talle mense wie se huise afgebrand het, maar wat die liefde van God ervaar het by wyse van hulp en ondersteuning wat hulle van die gemeenskap ontvang het. Hulle het die hand van God gesien te midde van hierdie ramp en sodoende het hulle ook bevestiging gekry dat hulle reg was in hulle siening van 'n God wat werklik vir hulle omgee.

In die res van Deel 1 gaan ons sien hoe die behoefte om reg te wees ten opsigte van ons mening oor onself, oor ander mense en oor God ons gedrag waarskynlik sterker beïnvloed as enige ander faktor. In Deel 2 gaan ons kyk na wat gebeur wanneer ons gekonfronteer word met bewyse dat ons verkeerd is. In Deel 3 gaan ons kyk na die implikasies van hierdie behoefte om reg te wees sover dit ons verhouding met onself, met ander mense en met God raak.